Eerste uitgawe
2014

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Org Exley
  082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As
  074 6011847
- Tesourier - Daan du Toit
  012 567 2520
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
  083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak
  083 388 4736
- Addisionele lede :
  Otto Koekemoer
  Martin Kruger
  Johan Els
  Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terug-voering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die Redakteur.	1
Briewe bus / Vra is vry	2
Inheemse boom	5
Vergadering 11 Januarie	6
Terugvoer demonstrasie	8
Eienaardige bonsai	9
Bonsai kalender	14
Vergadering 1 Februarie	15
Trek	18
Lede profiel	19
Snippets	20

Van die redakteur.

Beste bonsai vriende

Namens die Koeda redaksie wens ons aan elke lid 'n voorspoedige jaar! Ons glo almal wat weg was het veilig teruggekeer, ons het van geen teenspoed gehoor nie.

Sekerlik is die groot gebeurtenis van die jaar (tot dusver) die skuif na ons nuwe bymekaarkomplek by die NG Kerk Waverley Oos op die hoek van Dickenson Laan en Trumper Straat in Waverley. Ons Februarie byeenkoms is daar gehou en dit gaan beslis lekker wees om in die toekoms daar bymekaar te kom. Daar is spasie, baie en veilige parkering en die hele atmosfeer is aangenaam. Baie dankie aan Erika Tredoux wat alles vir ons gereël het.

Ons skou hierdie jaar in die winter. Baie mense hou van winter skou want bladwisselende bome is dikwels op hulle mooiste sonder blare. Die wat wel daarvan hou om bome met blare te skou kan hulle Wilde vye en naald bome skou. Die skou is altyd een van die hoog-tepunte van die jaar sover dit die Kai aangaan. Kom ons maak dit weer 'n groot sukses.

Lekker lees aan hierdie Koeda.

Bonsai groete

Jaco

'When someone shares something of value with you and you benefit from it, you have a moral obligation to share it with others.'

Chinese proverb

Briewe Bus / Vra is Vry

By die vergadering van 7 Desember het Charles vertel van ’n boom wat hy by die 5 de Wêreld Bonsai Konvensie in Washington DC, Mei 2005, gestyl het. Charles het op navraag die volgende gestuur:

Dagsê Jaco

Ek sluit vir jou twee fotos in van die “Rain Tree” nadat ek dit in Washington in 2005 gedemonstreer het. Soos jy kan sien was dit net die raamwerk wat na 8 jaar so ontwikkel het. So nuwelinge moet nie te bekommerd wees as mens die bome na die basiese vorm terug sny nie. Die eerste foto was van die rou material wat ek gebruik het.

Ek heg ook vir jou ‘n foto aan soos die boom vandag lyk. Erik Wiggert is nou die trotse eienaar van die boom. Die Pierneefstyl is tans uiters gewild in Florida.

Groete

Charles

Briewe Bus / Vra is Vry

Die volgende is ontvang van Pauline Swanepoel oor Protek produkte geskik vir bonsai. Die artikkel is ongelukkig ontvang na die uitgawe voor kersfees uitgegee is.

Pauline Swanepoel
Protek - a division of Pe-Bee Agri (Pty) Ltd
083 645 8715
011 812 9823
pauline@proteksa.co.za
P.O. Box 72 Heidelberg 1438
www.proteksa.co.za

PROTEK™
For your Home and Garden! / Vir jou Huis en Tuin!

Hierdie tyd van die jaar is almal besig om rond te skarrel in die winkels opsoek na die perfekte kersgeskenk vir elk vriend en familie lid. Plante en veral Bonsai's dien baie keer as die ideale geskenk vir kranige tuiniers. Dit kan soms 'n tammeletjie veroorsaak omdat nie alle tuiniers weet hoe om Bonsai's te versorg nie.

Wenke oor die basiese versorging van Bonsai's:

- Bonsai's is veronderstel om die perfekte miniatuur van hul spesies te wees. Dit is belangrik om te onthou dat die meeste Bonsai's eintlik buitenshuise plante is, wat slegs vir kort periodes binne in die huis gebring kan word op die voorwaarde dat hulle nie net genoeg sonlig nie maar ook lug kry

- Die ideale posisie vir 'n bonsai is buite die huis op 'n stoep of patio waar dit oggend son kry.

- Die meeste boom of struik spesies wat vir Bonsai's gebruik word is redelik gehard maar omdat hulle gewoonlik in baie vlak houers geplant word, benodig hulle water op 'n gereelde basis. Tot soveel as 2 keer per dag in warm omstandighede, soos met enige ander plante wat in houers groei moet die plante nooit in die water staan nie.

- Chemiese kunsmis word nie aanbeveel as voeding vir Bonsai's nie omdat dit die wortels kan brand, dit kan ook die vinnige verlenging van takke veroorsaak asook die vergroting van die blare wat daartoe kan lei dat die bonsai sy vorm vinnig verloor. 'n Stadig vrystellende organiese voedingstof soos Protek se Guanosol Pille is ideaal vir Bonsai's. Bonsai bakke is gewoonlik +- 35cm in deursnee en sowat 5cm diep. Vir hierdie grootte bakke of kleiner beveel ek aan dat die luisteraars die Guano tablet verpoeier en dan 1tl van die poeier op 'n weeklikse basis toedien. Vir grooter plantbakke kan die Gaunosol tablette in kwarte gebreek word in die hoeke van die plantbak geplaas word, sodra die pille heeltemal opgelos het kan jy die volgende toediening doen.

Vervolg op bl 4

Briewe Bus / Vra is Vry

- Bladwisselende bonsai's kan elke 2-3 jaar verpot word en die met naalde, dis nou soos denneboompies, slegs elke 5-7 jaar. Daar is spesiale bonsai grondmengsel by kwekerye besikikbaar wat ideaal is om te gebruik wanneer bonsai's oorgeplant word. Die beste tyd van die jaar om bonsai's te verpot is aan die einde van die winter. Sny die wortels 1/3 terug en plant die bonsai dan weer in die selfde bak maar met vars grond. Sny ook die takke van die bonsai gereeld terug om te verseker dat die plant sy vorm behou.

- Bonsai's word redelik gereeld deur suigende insekte soos plantluise aangeval, 'n produk soos Protek se Complete wat 'n sistemiese insekdoder is word met groot sukses vir die beheer van peste op bonsai's gebruik. Rose Protector is 'n swam en insekdoder van Protek wat ook met 'n geruste hart op bonsai's gebruik kan word vir die beheer van alle peste en plae, selfs rooi spinmyt.

Indigenous Southern African trees suitable for bonsai —Dalbergia Armata

The Dalbergia Armata is indigenous to Southern Africa. It is a robust, spiny climber (10 - 30m), widespread in forest and riverine vegetations in Transkei and Natal, also from the Eastern Cape to Swaziland, Mozambique and Eastern Transvaal. It is also named the Hluhluwe creeper, Thorny rope, and Doringtou or Monkey rope. The Hluhluwe part tells you where it comes from with the latter names being most appropriate as it looks exactly like that - a rope that grows in subtropical forests hooking on to adjacent trees with its thorns or spines in order to reach the sun.

Farouk Patel from Durban is known to be knowledgeable on Dalbergia Armata. He was contacted regarding the tree as bonsai and he replied as follows:

It is always a pleasure to share my experiences with the Dalbergias.
As a species I find them most versatile, as they can be manipulated into all styles when they are young. As they mature they harden and then it becomes difficult. They tend to send out some very straight shoots which you must remove or shorten unless you require that at that particular point, which should be wired as soon as they are firm enough. At the same time you will also find some beautiful wiggly growth, which you can monitor. As the tree matures you might need from time to time to create a new apex, and don't leave any straight shoots to continue as they will eventually become the same thickness, remember the Dalbergia usually grows as a vine in nature. Also the Dalbergia has a composite leaf so allow for good spacing between your branches. Seal all big cuts and make your cuts a little deeper to allow the bark to roll in.

Trimming and wiring can be carried out throughout the growing season. Watch wiring as it will cut into the bark if left on for to long. After the first set of new leaves mature you can stripe all leaves out and also prune at the same time, this encourages new growth and smaller leaves. This can be done at least twice in the growing season, as they recover in about two weeks.

The soil mix I use is 6 parts course sand (1 to 8mm), 1 part compost, 1 part kraal manure and 20g bonemeal. As this is a course mix you need to water very well in spring and summer and moderately in autumn and winter, keep soil moist. In Durban they tend to recover towards the end of winter, when they send out new leaves. Some drop all their leaves during autumn, others drop in late winter.

From spring they should be in full sun. Please make sure to keep them under cover in winter as any frost might kill them. Also spray as aphids and trips and black mould seem to attack from time to time.

Established trees should be repotted around 3 to 5 years and you can clean up a lot of root when repotting. Young trees should be repotted around 1 to 2 years. I find that by repotting they hold their vigor otherwise they get lazy and don't send out very much new growth.

Pots should be slightly deep to allow for roots to develop. ♣

. Dalbergia Armata by Farouk Patel

Vergadering van 11 Januarie 2014.

Vergadering van 11 Januarie 2014.

"Tip of the month" - by Kobus van der Merwe

Kobus shared some tips and information on defoliating bonsai. Why would you defoliate? To force smaller leaves when they grow again, because there are so many more. You could also defoliate if leaves are damaged by either insects or sun damage. If you transplant a tree you can defoliate to reduce the shock on the tree. You attempt to balance the roots and the leaves. Defoliated trees grow slower. You do not defoliate Junipers and Conifers. You also do not defoliate sick trees. Only very healthy trees. When to defoliate: After leaves have hardened off after the spring growth. Don't defoliate after January and in exceptional circumstances into February. You can do a total defoliation or defoliate only strong branches, which will encourage weaker branches to grow stronger. Ficus can be defoliated more than once a season if they are healthy.

Org showed a presentation about his visit as demonstrator to the 7th WBFF & 12th ASPAC convention in China. Org was the representative for Africa.
Org said that the Chinese were absolutely good hosts and the visiting demonstrators were treated like royalty. What Org found interesting is that in China some trees are displayed at exhibits with draw wires on and are also not neatly pruned. The Chinese also like very large trees as bonsai. Just see the size of the tree (right) next to Jonathan.

TERUGVOERING OOR DEMONSTRASIE / WERKSWINKELBOME.

Gedurende die vergadering van 5 Februarie 2011 het Hannes Fritz die Wonderboom styl demonstreer. Die Wonderboom styl, of "Elbow" styl, het sy oorsprong van 'n baie groot en bekende Wilde Vy boom (Ficus salicifolia) wat aan die voet van die Magaliesberg groei. Charles Ceronio was die skepper van die styl in bonsai. Die boom, of selfs groep bome, ontstaan uit 'n natuurlike "layering" proses. Die lang uitgestrekte takke van 'n wilde vy raak so swaar dat hulle naderhand afbuig en aan die grond raak. Waar die takke die grond raak vorm die tak wortels en daar ontstaan 'n nuwe boom, terwyl die tak wat afgebuig het steeds aan die oorspronklike boom groei. Dit kan rondom die oorspronklike boom plaasvind of slegs aan een kant. Hierdie styl kom in die natuur slegs voor by bome soos die wilde vy wat baie swaar takke het en wat kan buig. Dit sal byvoorbeeld nie by Witstinkhout of Maple bome gebeur nie.

Hannes het aan drie bome gewerk . Een van hulle was 'n "Cycomor" vy. Die onderste fotos van daardie boom is in die eerste uitgawe 2011 van Koeda geplaas.

Onder: Hierdie foto van dieselfde boom is geneem op 1 Februarie 2014, dus drie jaar na die eerste werk aan die boom gedoen is. Johan Els is die eienaar en versorger van die boom. Johan sê dat die boom onlangs met die baie warm weer bietjie droogte gehad het en meeste van sy blare verloor het. Hy is tans besig om nuwe blare te stoot.

Eienaardige bonsai (en vormsnoei)— deur Dr Pieter Loubser.



Mensig, maar bonsai en (on-)verwante skeppings is interessant! Sommige kunstenaars skep so-iets soos bonsai met eienaardige vorms. Ek dink minstens so (en ek is dalk ook een) en dalk is van my denke ook verwronge (soos elkeen s'n op sy/haar eie). Nou

praat ek nie van vormsnoei nie, hoewel die fotos hieronder gewys, in daardie kategorie hoort. Jy kan hierdie stoel, links, gebruik om in die skadu te sit wanneer jy jou bonsai snoei - dalk. En dan kan jy wonder oor welke takke om te verkort, af te sny en watter te buig. Jy soek in die rou materiaal na die beste ontwerp. Miskien is jy gelukkig en "*jy sit op jou kol*". Vir onkundiges, soos ek, verduidelik Anton Prinsloo dat dit die perd "Kol" is wat eerste gekry is toe vermiste perde gesoek is en toe op gesit/gery is om die ander vermiste perde te soek. En toe die ander gevind is, het die eienaar na Kol begin soek sonder om te weet dat hy op Kol sit! Fassinerend!

Dis geweldig uitdagend en lekker om jou eerste paar bonsai te ontwerp. Jy gee nie om of dit wie ookal beïndruk nie, maar jy is aan die "*loop op die wolke*". Fantasties. Miskien "*sit jy nog op die ABC bank*" (*in beginnerskoene*), maar ek dink dis die mees opwindende tyd in jou bonsai-lewe. Soms val jy op jou rug oor die verstommende bonsai wat al deur kenners geskep is.

Is hierdie Plant-Panda een van die Drie-Beertjies wat pap geëet het? "Nie ekke nie", sê hierdie een! Dis die een daar agter, kyk mooi! Jy, as bonsai-stilis kan egter nie ontken oor jou ontwerp van 'n bonsai nie. Maar verstaan kykers wat die ontwerper (jy) wil hê dat hulle moet verstaan? Kan ons regtig met mekaar kommunikeer? Hoe weet jy wat mense om jou dink en verstaan? Kyk ons net na hul "produksies", geniet dit, of nie, en ons leef elk in sy of haar eie wêreld voort?

En vir diegene wat nie weet nie (en dis waarskynlik almal), ek is 'n katteliefhebber. My oorblywende Siamees (haar broer is dood in 'n tref en trap insident) kan as getuie dien en sy help my soms met aanwysings. Ek kan nie mooi "*kop of stert uitmaak*" van die regterkanste vormsnoei nie.

Vervolg op bl 10

Eienaardige bonsai (en vormsnoei)— deur Dr Pieter Loubser.

Maar hierdie is nie oor bonsai nie. Ek dwaal alweer. En elke keer wanneer ek oor bonsai iets wil sê, kry ek daardie skoenlapper in my binneste. Sê ek iets wat nie hoort nie, of trap ek dalk op ‘n toon (tone) en/of probeer ek net my belewing van bonsai aan iemand vertel? Met die foto langs die skoenlapper het ek **v**rede. Wel, dalk eers na die oorwinning (victory) van die **v**rees. Ek dink party mense het meer tyd as ander en vandaar hierdie verstommende vormsnoei. “*Die Romeine sou nooit die tyd gehad het om die wêreld te verower as hulle verplig was om eers Latyn te leer nie*” was ‘n wyse opmerking van Heinrich Heine.

Ek het myself egter al uitgevang dat ek ook neig om vir eie vermaak ongewone bonsai te stileer. Soms dink ek dat dit al uitweg is alvorens ek die plant weggooi. En soms werk dit as vermaak (my eie en ek hoop ook iemand anders s’n). Die vraag kan wees of dit is om aandag te trek, of om tegniek te toets, of moedswilligheid? Is mense wat dit doen, buitewaans? Is dit die poniestertdraende mans in verflenterde blou denims en T-hemp met onpaarskoene of vrouens met strooihoede met blommetjies om die kroon, frilletjiesrok en plakkies aan die voete wat probeer wys dat hulle anders is? Ek dink nie so nie. Daar skuil dalk in elkeen van ons ‘n “iemand” wat uitdrukking en/of erkenning soek.

Die swaarkry van bestaan, het in my beroep my al telke kere aan die keel gegryp. Ek vind in bonsai ‘n toevlug om ongesteurd, verwyderd van die nare dinge in die praktyklewe aan aandag te gee en bloot my aandag aan my eie skeppings te wy. Dis soos ‘n monnik wat agter die mure van die abdy wegkruip van die wrede werklikheid omdat hy/sy/ons nie ‘n alomvattende antwoord vir die nóú het nie. Dis wegkruip van die werklikheid. En tog kan ons dit in bonsai vergestalt en ons daarin uitleef (dalk net deels).

Ek is al verskeie kere gekonfronteer oor die ontwerp van sommige van my bome. Ek weet dat ek bome het wat nie in elke smaak gaan val nie. Dis altyd die gevaar van kuns skep. En van uitstal. Jy stel eerstens jou kunswerk bloot aan kritiek en ongelukkig daarmee saam jouself. Skepping en skepper is onlosmaaklik verbind. Ek besef ook dat dit so hoort. Jy het die kunswerk gedoen en iets vanuit jou is daarin vergestalt en jy leef of word vasgevang in jou skeppings. Ek weet nie óf en wanneer kunswerke geskep word vir blote publieke aanvaarding (kommersiële of persoonlike erkenning ingereken) nie, of uit ‘n interne behoefte om iets uit te druk nie. Die vraag kan gevra word waarom jy bonsai doen. Dink hieroor na. Daar is ‘n wêreld se verskil tussen stokperdjie en gewin! Laasgenoemde het beslis ‘n plek omdat bonsaiskeppers draad, bakke, instrumente en bome benodig en dit moet êrens gekoop word. Dit is blote handel en daar is niks mee verkeerd nie.

Vervolg op bl 11

Eienaardige bonsai (en vormsnoei)— deur Dr Pieter Loubser.

Wat dryf jou? Die wil om te geniet en te skep? Of prestasie en erkenning?

Ek is vanmiddag (7 desember 2013) bekendgestel aan Pinterest en het daar gaan soek na bonsai en die verstommendste goed gesien. Ek is nogal stadig om die internet-goeters te leer en tragies-sleg met die hantering daarvan. Hierdie een is steeds ‘n bietjie bo my vuurmaakplek, maar ek het ‘n soek-onderwerp kon oopmaak. Op 16 Desember loop ek die naam Nacho Marin raak (hy woon in Venezuela en sy bome is die kyk werd). En bykans elke dag sien ek die wonderlikste bonsai op die Internet. En ek geniet die mees fantastiese meesterstukke van besondere kunstenaars. Maar ek wil vir ‘n slag die bizarre ook met lesers deel. Daniel J Boorstin het gesê:” *die moed om die anderse te verbeel is ons grootste bron want dit voeg kleur en spanning tot ons hele lewe*”.

Kyk net na die skepping links! Ek weet nie of dit ‘n simulasie is of werklik bestaan nie. Ek het geen idee hoe hierdie kontrepsie in die klein houertjie kan bly bestaan nie. Nog minder die balansering. Miskien weeg die geboue swaarder as die boom. Miskien dien die onderpunt as stut. Versigtig hier, maar “*die wag voor my mond is weer op vakansie in Margate*”.

Is dit bonsai? Beslis nie tradisioneel nie. Die bron van hierdie ingewikkelde rangskikking van miniatuurplante om die miniatuurkasteel, het ook ander soortgelyke skeppings. Voorwaar merkwaardig. Weer die vraag: Is dit bonsai?

En nog minder die teepot hiernaas, behalwe as bykomstige stuk van ongewone aard. Ek kan net wonder of dit verband het met die sogenaamde “English tea”? Die botterbroodjies en konfyt kort nog.

Vervolg op bl 12

Eienaardige bonsai (en vormsnoei)— deur Dr Pieter Loubser.

Die lewe is sowaar swaar by tye en ons kan, gebuig onder laste, moet voortgaan. En daarby met die minimum voeding klaarkom. Voorwaar wat hierdie volgende denne- en jenewer-boom vir ons vertel. En soms herstel die boom na al die veg en soeke na lig, lug en water. Nogal twee buitengewone bonsai!

Wortels is van besondere belang, maar tot watter mate is die vertoon daarvan aanvaarbaar? Chris Jami het onwaarskynlik aan die boom hieronder gedink toe hy ons gevra het " *om nie te groei met ons wortels in die grond nie*".

En waaragtigwaar die lewe is vir sommige van ons maar deurmekaar. Bo en onder weet nie altyd wie waar is nie. En voor jy jou kom kry, het die "*dae omgewoerts-warts*" en jy weet steeds nie. Dalk is ek ook nou so deurmekaar soos die bonsai regs bo. Die stam en die staander vertel dieselfde storie.

Vervolg op bl 13

Eienaardige bonsai (en vormsnoei)— deur Dr Pieter Loubser.

Ek kan nie mooi uitmaak wat die kunstenaar met die boom links bedoel nie. Is dit ‘n trekker? Of wat? Wiele en skoorsteen? Of ‘n gebou van soorte? Vir hierdie een is ek beslis te dom. Maar dan moet ons liefs terug na bonsai wat dalk makliker “lees” soos die een hieronder. Dit is beslis nie die gewone vorm wat ons stileer nie en gaan beslis nie in almal se smaak val nie. Waar ontstaan die lewende gedeelte en waarom so ‘n wye blarekoepel? Gaan ons in Suid-Afrika so-iets in die natuur sien, of kom hierdie boom net uit iemand in die Noordelike halfrond se verbeelding?

Die boom daarnaas kom ook uit iemand verstommende verbeelding en is tog nie so vreeslik ongewoon nie. Ek glo dat sulke materiaal in die koue dele van die wêreld kan bestaan en ek waardeer dat ek ook hierdie verbeeldingsvlugte en selfs miskien vergestalting van die natuur aldaar kan sien.
Staan die bonsai hieronder “met een voet in die graf” of het dit ‘n helpende hand (voet) om te bly staan? Hoe sou dit lyk sonder daardie ondersteunende voet? En die rangskikking van die takke? Arms om die danser te balanseer? “*Met daardie bakbene sal hy nooit ‘n vark vang nie*”.

Dis nou genoeg vir vandag, die stukke staan gereed vir die spel van 2014!

Groete en die allerbeste wense vir jou en jou bonsai,

Pieter Loubser

Bonsai Kalender — Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in Maart?

Dit is vroeg-herfs en temperature sal stadig begin afneem. Hou die boompies se waterbehoeftes fyn dop aangesien ons nog steeds baie warm dae kan verwag. Voeding (bemesting) is nou belangrik aangesien ons die boompies se reserwes wil aanvul vir die winter wat voorlê. Terugsnoei is nie meer nodig nie aangesien lote nie meer groei nie. Behandeling teen insekte en swamsiektes kan steeds voortgesit word aangesien warm, nat, laat somerdae hierdie peste kan laat gedy.

Wat doen ons in April?

Middel-herfs word gekenmerk deur ‘n snelle afname van groei. Bladwissellende bome se blare verkleur en begin ook afval. Watertoediening word deur weersomstandighede bepaal en die warm herfsson kan steeds die wortels laat uitdroog. Moet nie die blaredak met water bespringkel nie aangesien dit geen doel meer het nie, en swamsiektes kan bevorder. Voeding kan matig toegedien word. Blare wat afval en bo-op die wortels lê moet verwyder word aangesien dit aanlyding kan gee tot swamsiektes wanneer dit begin verrot. Hou die weervoorspellings dop sodat rypsensitiewe plante vroegtydig beskerm kan word.

Bonsai-groete

Francois van As

The marvel of the bonsai tree lies in the delight from recreating in miniature form the shape of trees as seen in the natural world.

Vergadering van 1 Februarie 2014.

Dit was ons eerste byeenkoms by ons nuwe vergader plek. Dit is natuurlik by die NG Kerk Waverley Oos op die hoek van Dickenson Laan en Trumper Straat. Org het vir Erika Tredoux baie bedank dat sy die fasiliteite vir ons gekry het en al die reëlings getref het. Ons het ons eie stoorkamer en maak gebruik van die saal vir ons byeenkoms. Daar is dus baie plek, so kom in massas. Dan is daar ook baie en veilige parkering. Ons is bevoorreg om nou sulke fasiliteite tot ons beskikking te hê. Ons was ook bevoorreg dat vyf lede van die Witbank (eMalahleni) klub ons besoek het.

“Tip of the month” - deur Hannes Fritz

Hannes het raad gegee oor Yamadori. Die term Yamadori word gebruik vir ’n boom wat uit die natuur (of dalk jou tuin) uitgegrawe is om ’n bonsai van te maak. As jy ’n boom in die natuur gaan uigrawe probeer om ’n groot rugsak met ’n ingeboude raam saam te vat. Dit is baie handig om jou boom in te dra. Sterk leer handskoene is handig. Jy is dikwels meeste van die tyd op jou hande en knieë. Neem ook twee snoei skêre, ’n klein pik, ’n klein boogsaag, en ’n plastiek sak waarin jy die boom gaan toemaak, en natuurlik water. Onthou dat jy alles moet kan dra.
Waarna soek jy? Jy soek nie ’n bonsai nie. Jy soek ’n boom wat met tyd en harde werk ’n bonsai kan word! Soek dus iets wat karakter het, soos beweging laag in die boom. Die eerste 30-40 cm is belangrik. Die boonste takke sny jy buitendien af. Kyk vir fyn wortels naby die oppervlak van die grond. Soek ook ’n boom met dooie hout. Ons spandeer ure om dooie hout te maak, kyk dus of jy iets kan kry wat die natuur reeds mee gehelp het. Jy moet ook weet wat se soort boom jy soek. Moet nie iets uitgrawe wat jy nie seker is in jou area sal groei nie. Spesie is dus belangrik. Soek ook so groot boom wat jy sal kan dra en hanteer. Moet ook nie te veel bome probeer uitgrawe nie. Kry liewer een of twee wat die moeite werd is. Die beste tyd om bladwisselende Yamadori gewoonlik uit te grawe is Augustus. Olienhout kan enige tyd van die jaar uitgehaal word. Hannes sit sy Yamadori vir ’n week in ’n bad water nadat hy uitgegrawe is, voordat hy hom plant. Wanneer daar water druppels bo uit die afgesaagde takke kom weet hy die boom het maksimum vog opgeneem. Jy kan asperien of Wilgertakke in die water sit.

Vergadering van 1 Februarie 2014.

Soos altyd was daar vir ’n uur voor die vergadering aan bome gewerk. Dankie aan die ervare lede wat altyd hand bysit om ander lede met raad en snoei te help.

Die formele vergadering het gehandel oor dooie hout op bonsai, ja of nee? Daar was ’n (as jy dit so wil noem) panee bespreking deur Org Exley, Gareth Bath, Pieter du Plessis en Charles Ceronio.
Charles het afgeskop deur te vra op wat se bome sien mens dooie hout in die natuur? Die ‘gehoor’ het (korrek) geantwoord dat dit bome is wat onder moeilike toestande groei. Soos waar baie wind is, of sneeu, of bome hoog in berge. Sulke bome kry natuurlike ‘gin’. Sulke bome het dus die karakter van bome wat ‘struggle’. Dit is dus nie delikate bome of bome in iets soos die Besem styl nie. Ook nie bome soos wilde vye wat sagte hout het nie. Gewoonlik ook nie bome met dun stamme nie. Dooie hout is op bome met min takke en min blare en die dooie hout gee die karakter aan die boom.

Gareth het onderandere gesê dat jy nie dooie hout op jong bome kry nie. Dit is op bome wat swaarkry en op ou bome. Dooie hout is “extreme”. Daar is bome met meer dooie hout as lewendige hout. Dooie hout moet egter “convincing” lyk. Dit moet in proporsie wees tot die res van die boom. Onthou ook: “Less is more”. Mens kan maklik in die versoeking wees om te veel dooie hout te maak. Gareth hou ook nie van dooie hout wat te wit gemaak is met kalkswael nie. Die dooie hout moet ook nie die aandag van die boom aftrek nie, maar die prentjie komplimenteer. Vervolg op bl 17

Vergadering van 1 Februarie 2014.

Pieter het ook baie klem gelê daarop dat dooie hout natuurlik moet lyk. Te wit dooie hout lyk vir hom soos Vlakvark tande. Pieter sê dat hy al dooie hout op sagte hout gemaak het wat wel vir ’n tyd hou, maar later verrot dit weg en kan jy ’n hol stam kry, soos op bv sy Witstinkhout ‘lightning struck’ boom. Daar is nie werklik ’n tipe seël wat jy kan gebruik wat vir altyd hou nie.

Org het vertel dat hy ’n Bougainvilla gehad het met dooie hout. Die hout het egter later gevrot en na ’n tyd het die boom gevrek.

Ander kommentaar, van die paneel of uit die gehoor, was dat die dooie hout saam met die res van die boom moet ‘vloei’. Dooie hout werk veral goed op Junipers omdat die hout hard is en baie lank hou. Dit lyk ook baie natuurlik op Junipers. Olienhout lyk ook baie goed met dooie hout.

Daar is verskeie bome bespreek met (of sonder) dooie hout wat baie leersaam en insiggewend was. Charles het bv aan ’n klein Myrtle boom gewerk.

Wat was die besluit na al die besprekings? JA, dooie hout werk goed as dit natuurlik lyk en die boom komplimenteer! ♣

TREK

Op Saterdag 8 Febuarie het die Kai al ons besittings van die ou vergader plek na ons nuwe een getrek. Soos met al ons aktiwiteite het die lede weereens gewys dat daar altyd genoeg mense is om op staat te maak. Die plan was dat ons vanaf 9 uur die oggend begin laai. Toe ek so vyf oor nege daar aankom was drie kwart van al die goed reeds gelaai. Sowat twintig (of meer) lede was daar om te help en daar was elf bakkies of ander voertuie. Presies vyf oor tien was alles afgelaai en in die stoor kamer by die nuwe plek. Baie dankie aan almal wat gehelp het. Dit is slekker om aan so Kai te behoort waar daar altyd lede is om op staat te maak.

Law of Biomechanics

The severity of the itch is inversely proportional to the reach.

Lede profiel—Johan van Tonder

Johan is ’n baie bekende by die Kai. Hy mis omtrent nooit ’n vergadering nie, behalwe wanneer hy by sy seun in Engeland gaan kuier. Johan geniet dit ook om na die BRAT byeenkomste te gaan wanneer dit vir hom geleë is.

Johan is ’n man wat al ’n hele klompie jaar op pensioen is. Voor pensioen was hy in die Polisie diens en wel by die veiligheids tak. Sedert pensioen het Johan hom besig gehou deur sy eie kwekery te bedryf waar hy saailinge gekweek het. Hy het hoofsaaklik Clivias en Broodbome gekweek.

Johan was vir baie jare getroud met Monica en hulle het ’n seun en ’n dogter uit die huwelik. Monica is verlede jaar oorlede. Johan sê dat hy maar nog baie aanpassings deurgaan met die alleen wees en eensaamheid. Johan is ook oupa van twee kleinkinders.

Johan het so ses jaar gelede met bonsai begin. Hy sê hy is nou spyt dat hy nie al baie jare gelede begin het nie want hy ken vir Charles Ceronio seker al vyf en twintig jaar. Hy is al vyf jaar lid van die Pretoria Bonsai Kai.

Johan se eerste bonsai het hy by ’n kwekery naby Warmbad gekoop as ’n klein bonsai. In die ses jaar wat hy hom het het die boom al heelwat groter geword. Die boom is in ’n Platkroon gestyl.

Vir Johan is bonsai baie ontspannend. Hy se dat as hy ‘gestres’ is werk hy aan sy bome en raak dan heeltemal ontspanne. Bonsai bring hom ook nader aan die natuur waarvoor hy baie lief is. Johan het ’n pragtige toegeruste ‘Bonsai-en’, met skadunet oor, ’n besproeiing stelsel en pragtige rakke. Mens kan sien waarom hy dit geniet om daar aan sy bome te werk. Hy het sowat 110 bome wat netjies elkeen sy eie staanplekkie op die rakke het.

Johan se gunsteling soort bome om mee te werk is Swartapies akasias en ook Wilde vye. Dit is vir hom baie mooi bome en hy vind hulle ook maklik om te styl. Sy gunsteling style is die Platkroon en wortel oor rots. Hy tel graag klippe in die veld op vir wortel oor rots.

Johan maak graag steggies van plante. Raad wat hy gee om steggies aan die groei te kry is om seker te maak dat ten minste een ogie onder die grond is. Hy lê ook die steggie skuins in en dan maak hy hulle toe met ’n plastiek bottel, wat dan soos ’n klein kweekhuis werk.

Charles is Johan se mentor en hulp met sy bonsai. Johan woon naby Charles en gaan kuier gereeld om raad te kry met sy bome.

Johan sê dat hy omtrent nooit bome laat vrek nie. Hy wil graag eendag ’n meester bonsai hê wat hy self geskep het.

Johan geniet dit baie by die kai want behalwe dat hy baie daar leer is hy ook ’n sosiale persoon wat die kuier en gesêls en werk aan bome met die ander lede geniet. ♣

Snippets

Our Environment.

Decomposition or Biodegradation is the chemical dissolution of materials through bacteria and other biological means. It takes significant period of time for a material to decompose completely, depending upon the type of material and the method of degradation.
Biodegradable products decompose easily with time and transform into natural elements without much effecting the environment. Whereas, the products that do not decompose easily take years of time to decompose completely, and during this process, they hamper and pollute the environment with toxic elements. A plastic bag takes several thousand years to degrade and decompose completely.
Therefore, it is our prime duty to keep a check on the usage of harmful materials like plastic, as they do not decompose easily and harm our environment.

Obtain some canvas bags to go shopping with. They are very strong and will therefore last very long. You won't only help the environment but will also safe yourself some money.

Inspirasie uit die natuur

Hierdie foto is gestuur deur **Chris Bennemeer**. Chris sê: "Hier is 'n foto van 'n natuurlike bonsai by die uitkykpunt in Dikhololo. Sekerlik het baie al die boompie gesien en afgeneem, vir my net 'n besondere mooi foto so saam met die son se opkom. Dit is 'n Wildevy hoog op 'n rots by die uitkykpunt."

Dikhololo is 'n wildreservaat so 34km noordwes van Brits.